

Dinsdag 2 April

**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31
(1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Genesis 1:26,
27**

Jy is deur en vir Jesus Christus geskep!

Ons bely dat ons in 'n Drie-enige God glo: Vader, Seun en Heilige Gees. Tradisioneel word God die Vader beskou as die Skepper, maar uit Genesis 1:26 is dit duidelik dat nie nét die Vader by die skepping betrokke was nie, maar óók die Seun en die Heilige Gees. God het immers gesê: “Kom *Ons* maak die mens as *ons* verteenwoordiger, *ons* beeld, sodat hy kan heers ...”

Jesus Christus, wat later sou mens word om die mens te verlos, was dus ook betrokke by die skepping van die mens. Kolossense 1:16 bevestig dit: “God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”

Uit hierdie twee Skrifgedeeltes is dit duidelik: Jesus Christus was betrokke by die skepping van die mens as beeld van God. Alles, ook die mens, is deur Hom en vir Hom geskep. Ons is dus geskep nie ter wille van onself nie, maar ter wille van die eer van Jesus Christus! Hy het ook die beeld van God, wat deur die sondeval vernietig is, in ons kom herstel. Met sy voorbeeld het Hy vir ons gewys hoe die beeld van God moet lyk wat ons moet vertoon: Ons moet God bo alles liefhê en ons naaste soos onself. Ons moet koninklik oor die skepping heers. Boonop is ons nie net deur Hom geskep nie, maar ook vir Hom!

Hierdie wete gee vir my rigting in my menswees. Ek is deur God geskep en my Verlosser was daarby betrokke. Liefde vir God en my naaste moet al my dade rig. Ek moet altyd so leef dat dit duidelik is ek leef vir Christus, omdat ek vir Hom geskep is en omdat ek deur Hom verlos is.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Dr. HPM van Rhyen (Malan) (Pretoria-Noord)